

Tydens die koninkrykstyf: Lewe só dat Koning Jesus enige dag kan kom!

Hierdie gelykenis van ons Here Jesus is deel van sy profetiese rede wat op die groot toekoms toegespits is en in besonder op sy wederkoms. Met nadruk beklemtoon Jesus die onverwagsheid van sy wederkoms (Matt 24:42; 25:13). Met die gelykenis van die tien meisies wil Hy 'n sekere aspek van sy koningsheerskappy tussen sy hemelvaart en wederkoms toelig. Die onverwagsheid is hierby ingesluit: Wie verwag 'n bruidegom om middernag?

Die gelykenis maak dit duidelik (vs 1) dat alle mense op pad is om die Bruidegom, dit is Jesus Christus, op die dag van sy wederkoms te ontmoet. Tydens daardie dag gaan 'n verskil tussen die mense na vore tree. Sommiges het hulle gedurende hierdie lang tussentyd van die koninkryk gereed gemaak vir Koning Jesus se koms – hulle gaan saam met Hom die feesmaal hou. Ander het nie gereedgemaak nie, wou dit op die tippie doen, maar dit was te laat – “Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie!”

As Koning Jesus sê: “Wees gereed!” “Waak!” beteken dit dat dié waaksaamheid nie herhaal kan word nie. Jy hoor dit nou en jy moet nou gereedmaak vir Hom! Jy moet nou, gedurende jou koninkrykstyf só lewe dat Jesus enige dag maar kan kom! Wie voor die wederkoms in gereedheid gaan “slaap” (vs 5), te sterwe kom, sal met daardie gereedheid sy Koning inwag. Wie in ongereedheid gaan “slaap”, sal ongereed wakker word.

Hoe maak gelowiges hulle gereed vir hulle Koning se koms? Deur die ewige lewe wat jy uit genade ontvang het (Joh 17:2) reeds hier uit te leef. Dit is om elke dag in gemeenskap met die Drie-enige God te leef (Joh 17:3), in gemeenskap met die Vader as jou Skepper, in gemeenskap met die Seun as jou Verlosser en biddend in gemeenskap met die Heilige Gees as jou Heiligmaker (HK So. 8:24).

Sing: Psalm 119:52, 62

Ds. RL Vorster (Emeritus)